SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 10 SEPTEMBER 2017

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 plaaslike tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur ZS0JPL. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste.

'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za, afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

In die nuus vandag:

UITSLAE VAN DIE SARL HF GELYKGOLF KOMPETISIE

SARL STUUR 'N INLIGTINGSDOKUMENT NA DIE IARU STREEK 1 KONFERENSIE

en

AMSATSA TRANSPONDER OM OP BACAR TE VLIEG

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuus items.

UITSLAE VAN DIE SARL HF GELYKGOLF KOMPETISIE

Die kompetisiekomitee het 14 logstate ontvang vir die SARL HF Gelykgolf Kompetisie wat op Sondag 27 Augustus 2017 gehou is.

1ste Hans Kappetijn ZS6KR - 120 punte 2de Raoul Coetzee, ZS1C - 114 punte 3de Jan Botha, ZS4JAN - 112 punte 4de Barry Nugent, ZS2NF, en Ed Willers, ZS6UT - 102 punte elk

Hoogste telling op 'n enkele band Barry Nugent, ZS2NF, en Georges Schleger, ZS1II - 60 punte elk op 40 meter

Klubkompetisie

1ste Pretoria ARK - 222 punte 2de Bloemfontein ARK - 112 punte 3de Port Elizabeth ARV - 102 punte

ALGEHELE UITSLAE VAN DIE SARL HF FOON, DIGITALE EN GELYKGOLF KOMPETISIES

Die gesamentlike uitslae van die drie SARL HF kompetisies is te vinde in HF Happenings 766. Hier is die top plekke in die individue- en klub kompetisies

1ste Jan Botha, ZS4JAN - 445 punte 2de Hans Kappetijn, ZS6KR - 234 punte 3de Barry Nugent, ZS2NF - 207 punte 4de Bruce Dunn, ZS5XT - 149 punte 5de Woody Collet, ZS3WL - 139 punte

Klubkompetisie

1ste Bloemfonteinse ARK - 546 punte 2de Pretoria ARK - 427 punte 3de snelweg-ARK - 386 punte 4de Port Elizabeth ARV - 336 punte

SARL STUUR 'N INLIGTINGSDOKUMENT NA DIE IARU STREEK 1 KONFERENSIE

Die SARL het 'n inligtingsdokument oor die HF RF-geraasvloer moniterings projek aan die IARU Streek 1 EMC-komitee voorgelê vir bespreking tydens die Streek 1-konferensie wat volgende naweek in Duitsland begin. Die SARL sal verteenwoordig word deur Nico van Rensburg, ZS6QL, en Rassie Erasmus, ZS1YT. Die dokument is beskikbaar op die SARL tuisblad. Die vergadering agenda dek baie belangrike onderwerpe. Vir meer inligting, die besprekingsdokumente en die agenda, besoek www.iaru-r1.org

BLOEMFONTEIN AMATEUR RADIO KLUB ALGEMENE JAAR VERGADERING

Die AJV van die Bloemfonteinse ARK is op Saterdag 2 September gehou. Die volgende lede is verkies om in die komitee vir 2017/2018 te dien.

Voorsitter: Michael Roodt, ZS4BFN Ondervoorsitter: Andre van Rensburg, ZS4APA Tesourier: Neil Nathan, ZS4NN Sekretaris, webwerf en QUA: Dennis Green, ZS4BS Tegnies: Hennie Greyling, ZS4HG

Jy luister aan nuus uitsending van die Suid Afrikaanse Radio Liga

AMSATSA TRANSPONDER OM OP BACAR TE VLIEG

Die AMSATSA Kletskous transponder sal op die volgende BACAR vlug vlieg, wat nou vir 21 Oktober 2017 geskeduleer is om saam te val met die JOTA/CQ Hou Koers naweek. Die transponder is onlangs suksesvol gedemonstreer by die AMSAT SA en SARL SDR werkswinkel. Die transponder is lineêr met 'n opskakel op 70 sm en 'n afskakel op 2 meter. Meer besonderhede, frekwensies en ander loonvragte op BACAR 2017 sal binnekort aangekondig word. Om 'n demonstrasie van die Kletskous transponder te sien, rig jou blaaier na www.amsatsa.org.za.

ELEKTRIESE MOTORS IS GROTER BEDREIGING VIR AMATEUR RADIO AS KLK

Elektriese motors, of ten minste die laai stasies, vorm 'n groter bedreiging vir amateur radio as Kraglyn Kommunikasie (KLK), ook bekend as Broadband Powerline (BPL). Die dreigende probleem is op Maandag verlede week breedvoerig bespreek tydens die IARU EMC-komiteevergadering. Daar is tans geen konsensus tussen verskeie tegniese liggame soos ETSI, CEPT, CIPR en ITU oor die steurings perke nie. Een van die probleme wat die komitee geïdentifiseer het, is dat die afvaardigings wat hierdie vergaderings bywoon nie noodwendig mense met radio en telekommunikasie ervaring nie en is meer bekommerd is oor hoe vinnig hierdie elektriese motorbatterye gelaai kan word. Dit is een van die

aspekte wat bespreek sal word tydens die Streek 1 vergadering met 'n oproep aan nasionale verenigings om te mobiliseer en met hul standaarde liggame te begin praat. Die SARL is verteenwoordig op die TC73-komitee van die SABS waar EMC- en EMI-aangeleenthede hanteer word. Die verteenwoordiger van die SARL, H ans van de Groenendaal, sal ook die probleem by Werkgroep 5 van TC73 in die komende twee maande vergader, bespreek.

Tans is daar nie baie elektriese voertuie wat in Suid-Afrika bedryf word nie, maar dit sal waarskynlik oor die volgende 5 jaar verander. Die SARL glo dat optrede nou baie hoofpyne in die toekoms kan voorkom. "Ons moet seker maak dat Suid-Afrikaanse afvaardigings aan die interne liggame volledig ingelig is oor die situasie," het ZS6AKV gesê

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak gematig gaan wees. Sonvlek AR 2673 het 'n komplekse magnetiese samestelling en kan die bron van vêrdere M-of X-klas sonfakkels wees. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van sestig vir die week gebruik. Amateurs kan goeie openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Kom ons loer nou na gebeure vir die volgende paar weke:

10 September - SARL Nasionale Velddag 16 en 17 September - SARL BHF/UHF Analoog/Digitale Kompetisie 16 en 17 September Afrika Alle Mode Internasionale DX Kompetisie 30 September Oos Rand Klub AJV 05 Oktober SARL 80 m QSO Geselligheid

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Algehele uitslae van die SARL HF kompetisie is bekend gestel en is in HF Happenings No 766 beskikbaar.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie. Luister elke Sondagoggend om 10:00 plaaslike tyd na "Amateur Radio Today". Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. 'n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 plaaslike tyd op 3 230 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies. Jy het geluister na 'n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga,

saamgestel deur Andy Cairns, ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD, en gelees deur ……..

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens jou ‘n mooi week toe. Totsiens.

/EX